AANNEMING [1]

Wel, dis altyd, soos ek tevore gesê het, "Ek was bly toe hulle aan my gesê het, 'Laat ons die huis van die Here binnegaan.'" Ek glo Dawid het daardie stelling een keer gemaak, "Laat ons die huis van die Here binnegaan." Ek ken nie enige beter plek om te wees nie, ken julle, as in die huis van die Here nie.

2 Nou, vanaand ons is . . . ons het sommige vriende wat al die pad vanaf Georgia hier is. Hulle sal waarskynlik afry na—na die middagete vanaand. En dan sal ons . . . Sommige van hulle van ver onder, ek hoop julle bly oor. En watter kamers ons het is oop vir julle.

3 En dan Woensdagaand sal ons voortgaan op, op die studie, en dan, die Here wil, volgende Sondag weer.

4 En dan Chatauqua begin op die sesde. So almal wat julle vakansies beplan het, ons verwag 'n groot wonderlike tyd by die Chatauqua. Daar is waar ons altyd so 'n wonderlike tyd het. Nie te 'n groot skare nie, ons loop somtyds . . . Dit sal hou tot by omtrent . . . Ek veronderstel ons kon tienduisend daarin sit, maklik. Maar, gewoonlik, verlede jaar dink ek het ons omtrent rondom seweduisend gehad, iets soos dit. Was 'n volgepakte plek, maar daar is baie plek om te staan. En die sitplekke word geneem reg al die pad uit. En so ons sien uit daarna.

5 En ons is bly om baie van ons prediker broers in te sien. Ek—ek kan nooit dink aan sy naam hier nie, die sendeling, Broer Humes en Suster Humes, is dit u wat reg hier sit, en die kleintjies, ons is bly om hulle te hê, 'n sendeling. Andere, Broer Pat, Broer Daulton, en, o, net so baie, Broer Beeler. En Broer Collins gesien net 'n paar oomblikke gelede. En, o, dit sal soort van moeilik wees om hulle almal te noem. Maar ons is baie bly om julle in die huis van die Here vanaand te hê. Hierdie puik dierbare Broer Neville wat hier agter my sit om te bid saam met my terwyl ons die Woord gaan onderrig. Charlie, bly om jou en Suster Nellie hier vanaand te sien, die kleintjies. Hierdie is . . . en Bybel onderrig is gewoonlik 'n baie . . . Ja, Broer Welch, ek het net . . . het gesoek vir jou, ek sien jou nou daar agter sit.

6 Bybel onderrig is gewoonlik 'n bietjie gevaarlik, 'n bietjie, julle weet, soort van uitloop op dun ys, noem ons dit. Maar ons voel net dat miskien, op hierdie punt, en op hierdie tyd, mag dit goed wees om soort van te bring die—die kerk na wat ek dink, na 'n—'n volledige begrip, posisioneel, van wat ons is in Christus Jesus. En partymaal dink ek dat prediking 'n wonderlike ding is, maar ek glo partymaal, Broer Beeler, dat onderrig verder as dit gaan, dit soort van . . . veral aan die kerk. Nou, prediking vang gewoonlik die sondaar, bring hom onder veroordeeling deur die

Woord. Maar onderrig plaas die man posisioneel wat hy is. En ons kan nooit behoorlik in staat wees om geloof te hê totdat ons posisioneel weet wat ons is nie.

7 Nou, as die Verenigde State, van hierdie mooi land hier, my oorstuur na Rusland, as ’n ambassadeur van hierdie volk, na Rusland, dan as hulle my amptelik gestuur het na Rusland, al die mag wat die Verenigde State het is agter my. My woord is net dieselfde as die Verenigde State, as ek erken is as ’n ambassadeur.

8 En dan as God ons gestuur het om Sy ambassadeurs te wees, al die mag wat in die Hemel is, alles wat God is, al Sy Engele en al Sy mag staan agter ons woorde as ons korrekte en verordeneerde gestuurde boodskappers aan die mense is. God moet die Woord eer, want Hy het so plegtig geskrywe, dat “Wat ook al jy bind op aarde, dit sal Ek bind in die Hemel. Wat ook al jy ontbind op aarde, dit sal Ek ontbind in die Hemel. En Ek gee aan jou die sleutels van die Koninkryk.” O, sulke groot beloftes het Hy die kerk gegee!

9 En ek is, na die ander dag, terwyl baie van julle, ek veronderstel is hier vanmôre om te hoor soos ek probeer het, in my nederige, eenvoudige manier, te verduidelik die—die gesig wat ek gesien het van die Hemel.

10 Ek sou geensins ooit probeer enigiets te betwyfel wat enigiemand my ooit vertel het wat God hulle vertel het nie. Ek sal dit selfs glo as ek dit nie gesien het in die Skrif nie, ek sou steeds daardie broer se woord wou glo. Ek—ek mag net reg saam met die Bybel bly, maar steeds sou ek glo dat miskien broer dit net op ’n sekere manier misverstaan het, dat hy dit net ’n bietjie deurmekaar mag hê. En steeds sou ek glo hy—hy my broer sou wees.

11 En as daar enigiets is wat in my hart brand, en ek hoop dit gaan nooit weg in my jare om te kom nie, dat ek nooit sal vergeet wat gebeur het verlede Sondagoggend, as ’n week nie. Dit het iets aan my gedoen wat my lewe gerevolusioneer het. Ek—ek vrees nie. Ek—ek het nie een vrees vir dood nie. Dood het glad geen vrees nie. En dit—dit het nie vir jou as jy net verstaan het nie. Nou, miskien as. . .Jy moet die ondervinding hê om dit te weet, want daar is geen manier om dit te verduidelik nie. Jy kan nie woorde vind nie, want dit lê nie in die Engelse woordeboek nie, of geen ander woordeboek nie, want dis in ’n Ewigheid; geen gister, geen vandag nie, dis alles teenwoordige tyd. En dis geen “Ek voel redelik goed nie,” en ’n uur van nou af, “Ek voel nie so goed nie,” en nog ’n uur, “voel weer goed,” nie. Dis teenwoordige tyd al die tyd. Sien? Nooit ophou nie, net daardie salige vrede en iets.

12 En daar kan geen sonde wees nie, daar kan geen jaloesie wees nie, daar kan geen siekte wees nie, daar—daar kan niks ooit daardie Hemelse oewer bereik nie. En as ek die voorreg mag hê

om dit te sê, wat, miskien het ek nie. As ek nie het nie, dan bid ek God vergewe my. Maar as ek die voorreg het, en dit was dat God my laat opneem het om iets te sien, sou ek verwys na die eerste Hemele. En dan glo ek, een in die Bybel, met die naam, ek glo dit was Paulus, wat opgeneem was binne-in die derde Hemele. En as dit so glorieryk in die eerste Hemele was, wat bevat daardie derde Hemele? Geen wonder hy kon nie daarvan praat vir veertien jare nie! Hy het gesê hy het nie geweet of hy binne liggaam of buite liggaam was nie. Met daardie groot apostel, nie om sy—sy—sy amp te deel nie, of nie om onsself te probeer maak enigiets soos hy was nie, maar ekÿ kan saam met hom sê, ek weet nie of ek binne-in hierdie liggaam of buite die liggaam was nie. Enigste ding, dit was net so werklik as wat ek na julle kyk.

13 En ek het altyd gewonder oor as ek sou verby gaan en ek sou 'n klein wolkie verby sien dryf, 'n gees, en sê, "Daar gaan broer en suster, dis Charlie en Nellie. Dis Broer en Suster Spencer wat daar gaan." Dit het my altyd dronkgeslaan. As my oë in die graf is, ontbindend, verrot, as my ore nie hier is om meer te hoor nie, en as my bloed alles teruggegaan het en hulle het dit gebalsem, en dis in die waters of in die grond, en my verstandsvermoë, my breinsele alles weg is, dan hoe sou ek enigiets meer as net 'n ronddrywende gees wees? En dit het my bekommer. Hoe sal ek graag wou sê, "Hello, Broer Pat, o, so bly om jou te sien! Hello, Broer Neville, hoe graag sou ek jou wou sien!" Maar ek het gedink, "Wel, as ek nie enigiets het om mee te sien nie, enige mond om mee te praat nie, dis verrot, dis stof, hoe sou ek in staat wees om te sê, 'Hello, Broer Pat,' 'Hello, Broer Neville,' ensovoorts, 'Hi, Charlie'?"

14 Maar nou weet ek dat dit verkeerd is. Want dit is geskryf in die Skrifte, wat ek sê dis nie teenstrydig nie, "Wantÿ as hierdie aardse tabernakel ontbind word, het ons een wat alreeds wag," 'n ander tabernakel wat oë, ore, lippe, verstandelike vermoëns het. "As hierdie aardse tabernakel ontbind word!" Dit het 'n liggaam wat kan voel, kan praat.

15 En nou kom dit na my, nou net, dat Moses dood was en in 'n ongemerkte graf vir agthonderd jaar, en Elisa het na die Hemel gegaan vyfhonderd jaar tevore, maar op die Berg van Verheerliking was hulle gevind in gesprek met Jesus.

16 Na Samuel dood was vir te minste drie tot vyf jaar, en die heks van Endor hom opgeroep het, en sy geval het op haar gesig, en sy gesê het, "Jy het my bedrieg, want jy is Saul, self." Sy het gesê, "Want ek sien gode!" Sy was 'n heiden, julle sien. "Ek sien gode opkom."

17 En Saul kon hom nog nie sien nie, en hy het gesê, "Hoe lyk hy? Beskryf hom aan my."

Gesê, "Hy is dun, en hy het 'n mantel oor sy skouer."

18 Gesê, "Dis Samuel, die profeet, bring hom hier voor my." Ek wil hê julle moet oplet dat Samuel nie enigiets van sy persoonlikheid verloor het nie. Hy was steeds 'n profeet, hy het Saul presies vertel wat die volgende dag sou gebeur.

19 So, julle sien, dood verklein ons nie heeltemal soos ons huil en ween en weeklaag by die graf nie. Dit verander slegs ons woonplek. Dit neem ons vanaf 'n plek na . . . Wat is ouderdom? As ek nog een uur leef, ek sal menige sestien jaar oue persoon oorleef, ek sou menige vyf jaar oue persoon oorleef. Ouderdom is niks. Ons is net hier gesit vir 'n doel, om iets te doen.

20 Wel, nou, baie van hierdie klein mooigesig moeders wat hier sit, sommige van hulle sestig of sewentig jaar oud, sou sê, "Wel, wat het ek gedoen, Broer Branham?" Jy het jou kinders groot gemaak. Jy het gedoen wat jy veronderstel was om te doen.

21 Miskien 'n sekere ou Pa wat hier sit, sê, "Wel, ek het die lande geëg, ek het *dit* gedoen. Ek het nooit gepreek nie." Maar jy het gedoen net wat God jou gestuur het om te doen. Daar is 'n plek vir jou.

22 Gepraat met 'n ou dokter, gister, een van my dokter vriende, maats, tagtig-*en nog wat* jaar oud. En sy skoonsuster is hier by die kerk vanaand, en sy was net 'n klein—klein bietjie bekommerd oor hom. En ek het hom gaan sien. En so gou as wat ek begin praat het met hom, het hy opgehelder, my vertel van 'n jagtog wat hy onderneem het baie jare gelede bo in Colorado, die einste landstreek waar ek jag. Net so skitterend en helder! En ek het gesê, "Dokter, hoe lank praktiseer u?"

23 Hy het gesê, "Toe jy geborsvoed is." En ver onder het ek gesê . . . "En baie maal," het hy gesê, "het ek gepraktiseer, my waentjie geneem, ek het saalsakke oor my perd gesit. Ek het die klein tassie geneem en ek het gestap."

24 En ek het gesê, "Ja, onder langs die stroomwalle, twee uur in die oggend, met jou flitslig, probeer om 'n huis te vind waar 'n klein kindjie maagpyn gehad het of 'n moeder in geboortepyne.

Gesê, "Dis reg."

25 En ek het gesê, "Jy weet, dokter, ek glo, oorkant hierdie skeidingslyn hier, tussen sterflike en onsterflike, het God 'n plek vir goeie ou dokters wat gedien het soos daardie."

26 Groot trane het in sy oë gekom en hy het begin huil, hy het sy swak hande opgesteek en gesê, "Broer, ek hoop so." Oorkant die land, oordeel God 'n man se siel, wat hy is.

27 Toe gee ek hom hierdie bevredigende Skrif. Baie keer, ploegende deur daardie donker modderige velde snags, om iemand te probeer help, miskien nooit 'n pennie daarvoor gekry nie, maar dis alles reg. Ek het gesê, "Jesus het gesê in die Skrifte, 'Geseënd is die barmhartiges, want hulle sal genade ontvang.'" En dit is waar.

28 En vanaand wil ons die kerk plaas in hierdie drie lesse, as God toelaat, hoe en waarna om te kyk, wat ons is. Ons gaan begin by die 1ste hoofstuk van die Boek van Paulus se brief aan Efese. En ons gaan die drie eerste hoofstukke in ons volgende drie studies neem, probeer om 'n hoofstuk 'n aand te kry, as ons kan. Vanaand, Woensdag, en volgende Sondagoggend. Efésiërs, die 1ste hoofstuk. Nou soos ons saam studeer, wil ek dit graag sê, dat hierdie Boek van Efésiërs perfek ooreenstem met die Ou Testament Josua. Efésiërs, die Boek van Efésiërs.

29 Nou, onthou, as ons toevallig net 'n bietjie afraak, volgens julle leer, vergewe ons net en wees geduldig met ons 'n oomblik. Voordat ons dit open, laat ons Hom vra om ons te help, soos ons ons hoofde buig.

30 Here, ons benader U heilige en gewyde Skrif, wat Dit is meer standvastig as al die hemele en aarde. Want ons lees in hierdie Woord, genaamd die Bybel, dat "Beide hemel en aarde sal verbygaan, maar My Woorde sal nooit faal nie." Dan, op hierdie ernstige uur wat ek kom na hierdie preekstoel vanaand, voor die gekooptes van U Bloed, hierdie geliefde sterflinge wat hier sit vanaand, grypend na elke klein hoop wat hulle kan, om aan te hou vir daardie Lig wat moet kom. Mag dit so voldoende wees, vanaand, dat elke gelowige hier sy posisie sal sien, en elkeen wie nog nie ingekom het in hierdie groot gemeenskap nie, die Koninkryk dringend sal soek, Here, en klop aan die deur totdat die Bewaarder die deur oopmaak. Skenk dit, Here.

31 Ons lees hier binne waar hierdie Bybel nie van enige privaat interpretasie is nie. God, verbied dat ek U dienaar of enige ander dienaar ooit sou probeer om hulle eie interpretasie te sit aan die Woord. Laat ons Dit net lees en Dit glo, die manier wat Dit geskryf is. En veral ons herders van die kuddes, ons pastore wat eendag saam sal vergader oorkant in daardie glorieryke Land met die klein kuddes, en ons sal staan in die Teenwoordigheid van die Here Jesus en sal daardie geslag sien opkom, van Paulus, en van Petrus, en van Lukas, en Markus, en Matthéüs, en almal hulle, en hulle geoordeel sien daar met hulle groepe. God, skenk dat ek tien miljoen trofeë kan lê by U voete terwyl ek nederig heel naderkruip en my hande lê op U dierbare voete, en sê, "Here, hulle is U s'n."

32 O God, vul ons opnuut met U Gees, en met U liefde en U goedheid. En mag ons, soos die digter ge-uiter het in die lied baie jare gelede, "Liefste sterwende Lam, U dierbare Bloed sal nooit sy krag verloor nie, totdat al die vrygekoopde Kerk van God gered is om nie meer te sondig nie. En sedertien, deur geloof, ek daardie stroom gesien het wat U vloeiende wond voorsien het; was verlossende liefde my tema, en sal wees totdat ek sterf. Dan in 'n edeler, soeter lied," gaan hy aan om te sê, "sal ek U krag om te red besing; wanneer hierdie arme lispelende, stamelende tong stil lê in die graf." Dan, die graf hou nie enige dood vir U kinders

nie. Dis slegs 'n rusplek, of 'n skuilplek, waar hierdie verganklike met onverganklikheid beklee sal word.

33 Mag ons dit vanaand sien, Here, duidelik, soos dit gegee is aan ons in die Woord. Gee ons begrip. En plaas ons, Here, by ons pos van plig, dat ons getrou mag dien totdat U kom. Ons vra dit in Jesus se Naam, en om Sy ontwil. Amen.

34 Nou, die Boek van Efésiërs, soos ek nou net gesê het, ek . . . volgens my opinie, is een van die beste Boeke van die Nuwe Testament. Dit los ons, aan waar Kalvinisme uitloop op een tak, en Arminianisme uitloop op die ander tak, maar die Boek van Efésiërs trek dit saam en plaas die Kerk posisioneel.

35 Nou, ek het dit getipeer met Josua. As julle opgelet het, Israel was opgebring vanuit Egipte, en daar is drie stadiums van hulle reis. Een stadium was Egipte verlaat. Die volgende stadium was die wildernis. En die volgende stadium was Kanaan.

36 Nou, Kanaan verteenwoordig nie die eeu van die Millennium nie. Dit verteenwoordig slegs die eeu van die oorwinnaar, die dispensasie van oorwinning, want in Kanaan het hulle doodgemaak en verbrand en stede geneem. En daar sal geen dood in die Millennium wees nie.

37 Maar nog 'n ding wat dit doen, dit bring regverdigmaking deur geloof op, nadat hulle geglo het in Moses en Egipte verlaat het. Heiligmaking, na volging onder die Pilaar van Vuur en die versoening van die offerlam in die wildernis. En dan binne-gaan in 'n land wat belowe is.

38 Nou, wat is die land beloof aan die Nuwe Testament gelowige? Die belofte is die Heilige Gees. "Want dit sal gebeur in die laaste dae," Joël 2:28, "dat Ek my Gees sal uitstort op alle vlees. Julle seuns en julle dogters sal profeteer. Op My diensmaagde en My diensmeisies sal Ek van My Gees uitstort, en hulle sal profeteer. En Ek sal bo in die hemele wonders wys. En in die aarde, pilare van vuur, en rook, en mis." En Petrus het gesê, op die Dag van Pinkster, na hy sy teks geneem en gepreek het, "Bely, elkeen van julle, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus vir die kwytskelding," om kwyt te skeld, te vergewe, om al julle vorige oortredinge weg te neem.

39 Het julle opgelet, Josua, voordat hulle die Jordaan oorgesteek het, het Josua gesê, "Gaan deur die midde van die kamp en reinig julle klere en heilig elkeen van julle, en laat geen man na sy vrou kom nie, want binne drie dae sal julle die Glorie van God sien." Sien? Dit is 'n—dit is 'n proses van gereedmaak om die belofte te erf. Nou, die belofte aan Israel, was, God het Abraham die belofte van die land gegee, van Palestina, en dit sou hulle besitting wees vir altyd. En hulle sou altyd bly in hierdie land.

40 Nou, hulle het drie stadiums gekom, gekom na hierdie belofte land. Nou sien, dis perfek getipeer in die Nuwe Testament.

41 Nou hierdie, soos ek gesê het, verskil met sommige van die denke van julle. Sommige van julle dierbare Nasareense mense, Kerk van God, ensovoorts, moenie dit laat seermaak nie, maar hou dit net fyn dop en hou die tipes dop. Kyk en sien of elke plek nie net perfek tref nie.

42 Daar was drie stadiums van die reis, en daar is drie stadiums van hierdie reis. Want, ons is geregverdig deur geloof, gelowig aan die Here Jesus Christus, die land van Egipte verlaat, uitgekom. En is dan geheilig deur die offer van Sy Bloed, gewas van ons sondes, en pelgrims en reisigers geword, maak aanspraak dat ons 'n land soek, 'n stad wat kom, of 'n belofte.

43 So het Israel in die wildernis, reisigers, geen plek om te rus nie, gereis nag na nag, die Pilaar van Vuur gevolg, maar uiteindelik gekom na die beloofde land waar hulle gevestig het.

44 Dis waar die gelowige kom. Hy kom eers na 'n erkenning dat hy 'n sondaar is; dan word hy geskei deur die waters, die was van die water, deur die Bloed, en . . . of die was van die water deur die Woord, liewer, gelowig aan die Here Jesus Christus. Dan, geregverdig deur geloof, word hy 'n deelgenoot, en 'n vrede met God, deur Christus, gedoop binne-in die Naam van Jesus Christus, om hom binne-in die reis uit te laat. Julle begryp dit? Binne-in die reis! Dan word hy 'n reisiger en 'n pelgrim. Hy is op sy reis na wat? 'n Belofte wat God gemaak het.

45 Israel het nog nie die belofte ontvang nie, maar hulle was op hulle reis. En sonder ophaal . . . Verstaan asseblief. Dis waar julle, die Nasareen en Pelgrim Heiligheid, ensovoorts, geval het. Want, Israel, toe hulle gekom het by die plek van Kades-Barnea, toe die spioene oorgegaan het en gesê het, "Die land is goed." Maar sommige van hulle het teruggekom en gesê, "Ons kan dit nie neem nie, want die stede is ommuur, ensovoorts." Maar Josua en Kaleb het uitgestaan, en gesê, "Ons is meer as in staat om dit te neem!" As gevolg van hulle alreeds getekende gedokumenteerde verklarings, het hulle geglo in twee werke van genade, regverdigmaking en heiligmaking, en kon nie enigsins verder beweeg nie. En, luister, daardie hele geslag het gesterf in die wildernis. Maar twee wat oorgegaan het binne-in die beloofte land en die getuienis teruggebring het dat dit 'n goeie land was, "en ons was meer as in staat om dit te neem, want dit was God se belofte." Toe in plaas dat die mense aangaan, die Heilige Gees ontvang, praat met tale, die krag van God ontvang, die doping van die Heilige Gees, tekens, wonders, wonderwerke, het hulle gevoel dat dit hulle tradisie van doktrines sou afbreek. En wat het daarmee gebeur? Gesterf in die land! Dis reg.

46 Maar die gelowiges, die Kaleb en Josua span, wat aangegaan het na die belofte, hulle het oorgegaan binne-in die land, en die land geneem, en gevestig in die land, as 'n besitting. En ons stop nooit by regverdigmaking, heiligmaking nie. Laat ons aangaan

na die doping van die Heilige Gees. Laat ons nie stop by glo aan die Here Jesus, gedoop word nie. Laat ons nie stop omdat Hy ons gereinig het van ’n lewe van sonde nie. Maar nou gaan ons aan binne-in ’n posisie, na ’n belofte van die doping van die Heilige Gees. Want Petrus het gesê, op die Dag van Pinkster, “Want die belofte is aan julle, en aan julle kinders, en aan hulle wat ver weg is, selfs soveel as die Here ons God sal roep.”

47 So, Efese hier stel ons soos Josua, posisioneel. Het julle opgelet, Josua, na die deurkruising van die land, en die neem van die land, toe het hy die land verdeel. “Efraim *hier*, Manasse *hier*, en hierdie een *hier*, Gad *hier*, Benjamin *hier*.” Hy het die land verdeel.

48 En let op! O, hierdie brand net ons harte! Elkeen van daardie Hebreeuse moeders, wat geboorte geskenk het aan daardie kinders, sy het die einste plek gespreek, in haar geboortepyne, waar hulle geplaas sou word in die beloofte land. O, dis ’n groot studie! As ons net daarop kon ingaan in detail, wat ure na ure sou neem. Eendag wanneer ons ons kerk reggemaak kry, ek sou net graag wou kom en ’n volle maand of twee neem, net reg daarin bly. Kyk toe hulle, elkeen van daardie moeders, toe sy uitgeroep het, “Efraim,” toe sy in kraam was, hom posisioneel geplaas waar sy voete in olie gesit het. Net presies elkeen van hulle waar ook al hulle was!

49 En Josua, wat dit nie geweet het nie, maar deur inspirasie, gelei deur die Heilige Gees, na binne-in die beloofde land was, gee elke man sy belofte, presies wat die Heilige Gees beloof het deur die geboorte daar terug.

50 Hoedat God sommige in die kerk gesit het, deur hulle geboortepyne! O, hulle word verskriklik partymaal. Wanneer ’n kerk kreun onder die vervolging van die buite wêreld, gelowig aan die Here Jesus, dat die belofte van die Heilige Gees net so werklik is aan ons soos dit was aan Pinkster, hoe hulle kreun en huil onder geboortepyne! Maar wanneer hulle gebore word, en posisioneel gebore in die Koninkryk van God, dan het die Heilige Gees gestel in die kerk, sommige apostels, sommige profete, sommige leraars, sommige pastore, sommige evangeliste. Dan het Hy gegee daar binne, praat met tale, interpretasie van tale, kennis, wysheid, gawes van genesing, alle soorte van wonderwerke.

51 Waar die kerk is. . . Nou hierdie is my doel om dit te doen. Die kerk probeer altyd om iemand anders se hoek te neem. Maar moenie dit doen nie. Jy kan nooit koring in Efraim se hoek laat groei nie, as jy Manasse is nie. Jy moet jou plek in Christus neem, dit posisioneel neem. O, dit word diep en ryk wanneer ons hierin kom, hoedat God een in die kerk sit om met tale te praat, ’n ander. . . Nou, ons is geleer baie maal, “ons moet almal praat met

tale." Dis verkeerd. "Ons almal moet dit doen." Nee, ons hoef nie. Hulle almal het nie een ding gedoen nie. Elkeen was . . .

52 Elkeen, die land was voorsien en opgedeel deur inspirasie. En, elkeen, ek kon die Skrifte neem en julle dit presies wys, dat hy hulle in 'n plek gesit het waar hulle veronderstel was om te wees, posisioneel, hoedat die twee halfstamme moes bly oorkant die rivier, hoedat hulle moeders dit geskree het in hulle geboorte, en hoedat elke plek veronderstel was om te wees.

53 En nou nadat jy in is, dit beteken nie dat jy uit vry van oorlog is nie. Jy moet steeds veg vir elke duim grond waarop jy staan. So, sien, Kanaan het nie die groot Hemel verteenwoordig nie, want dis oorlog en probleme en doodmakings en gevegte, ensovoorts. Maar dit het dit verteenwoordig, dat dit 'n perfekte wandel moes wees.

54 Dis waar die kerk faal vandag, op daardie wandel. Weet jy dat selfs jou eie gedrag iemand anders kan uitslaan om genees te word? Julle wangedrag, onbelyde sondes van julle gelowiges, kan hierdie kerk bitterlik laat faal. By die Dag van Oordeel sal julle verantwoordelik wees vir elke deel daarvan. O, julle sê, "Nou, wag 'n oomblik, Broer Branham." Wel, dis die Waarheid. Dink daaraan!

55 Josua, nadat hy oorgegaan het binne-in die land, het God hom die belofte gegee dat . . . Dink net, om 'n hele veldtog te veg sonder om 'n man te verloor, sonder om selfs 'n skraap te kry, sonder om 'n verpleegster te hê, of 'n eerstehulp of 'n band. Amen. God het gesê, "Die land is joune, gaan veg." Dink, aan 'n veldtog en daar is glad geen Rooi Kruis rond nie, daar is niemand wat gaan seerkry nie!

56 En hulle het die Amoriete en die Hetiete doodgeslaan, maar daar was nie een seergemaak onder enige van hulle totdat sonde in die kamp gekom het nie. En toe Agan die Babiloniese kledingstuk en daardie goue wig geneem het, en dit weggesteek het onder sy kamp, toe die volgende dag het hulle sestien manne verloor. Josua het gesê, "Stop! Stop! Wag 'n oomblik, daar is iets verkeerd! Iets is verkeerd hier. Ons gaan sewe dae van vas uitroep. God het ons 'n belofte gemaak, 'Daar sal niemand seergemaak word nie.' Ons vyande sal aan ons voete val. En daar is iets verkeerd hier. Iets het verkeerd gegaan iewers, want ons het sestien dooie manne wat hier lê. Hulle is Israeliese broers, en hulle is dood."

57 Hoekom het hulle gesterf, onskuldige manne? Omdat een man uit lyn getrap het. Julle sien die rede hierdie moet geleer word? Die kerk wat oplyn, oplyn met die Woord van God, oplyn met God en oplyn met mekaar, perfek regop loop, nugter, voor alle mense, Godvresend. Omdat een man 'n kledingstuk gesteel het, en iets gedoen het wat hy nie moes gedoen het nie, het die

lewe van sestien manne geneem! Ek dink dit was sestien, miskien meer. Ek glo dit was sestien manne wat dood was.

58 Josua het geroep, gesê, "Daar is iets verkeerd! God het die belofte gemaak, en daar is iets verkeerd."

59 Wanneer ons die siekes opbring voor ons, en hulle word nie genees nie, behoort ons 'n plegtige vas uit te roep, 'n bymekaarkoms uit te roep. Iets is verkeerd iewers. God het die belofte gemaak, God moet bly by daardie belofte, en Hy sal dit doen.

60 En hy het 'n vas uitgeroep. En hulle uitgevind, hulle het lootjies getrek. En Agan het dit bely. En hulle het Agan se familie en almal doodgemaak en hulle as verbrand, en dit daar gelaat vir 'n gedenkteken. En Josua het reguit aangegaan deur die gevegte, alles geneem, sonder 'n skraap of 'n wond. Daar het julle dit.

61 Eendag het hy 'n nood gehad, 'n bietjie tyd, ekstra tyd. Die son het ondergegaan, die manne kon nie baie goed snags veg nie. Josua, daardie groot krygsman, gesalf van God, posisioneel geplaas binne-in die land, soos Efésiërs aan die nuwe Kerk, besit, in besit neem, die land in besit neem, dit oorneem. Hy het bietjie tyd nodig gehad, so hy het gesê, "Son, staan stil!" En sy het stilgestaan vir omtrent twaalf ure, totdat hy die land geneem het. Sien?

62 Nou die Boek van Efésiërs het ons posisioneel in Christus geplaas, wat hulle was in die Heilige Land. Ons is nie geplaas in die Heilige Land nie, maar in die Heilige Gees! Nou laat ons net 'n Woord lees, sien hoe perfek die kerk is.

> *Paulus, 'n apostel van Jesus Christus deur die wil van God, . . .*

63 O, ek hou daarvan! God het hom 'n apostel gemaak. Geen ouderlinge het hande op hom gelê nie, geen biskoppe het hom êrens heen gestuur nie, maar God het hom geroep en hom 'n apostel gemaak.

> *Paulus, 'n apostel van Jesus Christus deur die wil van God, aan die heiliges* (geheiligdes) *wat in Efese is, en aan die gelowiges in Jesus Christus:*

64 Kyk hoe hy hierdie aanspreek. Hierdie is nie aan die ongelowiges nie. Hierdie is aan die kerk. Dis geroep aan die uitgeroepenes, die geheiligdes en geroepenes wat in Jesus Christus is.

65 Nou, as julle wil weet hoe ons in Christus Jesus kom, as julle sal blaai na I Korinthiërs 12, dit het gesê, "Want deur een Gees is ons almal gedoop binne-in een Liggaam." Hoe? Gedoop deur wat? Die Heilige Gees. Nie deur waterdoping nie, julle Kerk van Christus mense, maar deur een hoofletter G-e-e-s, deur een Gees. Nie deur een handdruk nie, deur een brief nie, nie deur een sprinkel nie. Maar deur een Gees is ons almal gedoop binne-in

een Liggaam, ons besitting, die land wat God ons gee om in te woon, die Heilige Gees. Net soos Hy Kanaan aan die Jode gegee het, het Hy ons die Heilige Gees gegee. Deur een Gees is ons almal gedoop binne-in een Liggaam. Begryp julle dit?

66 Nou, hy praat met die geestelike Kanaaniete, Israel, die geestelike Israel wat die land in besit geneem het. O, is julle nie bly julle het uitgekom uit Egipte se knoffel nie? Is julle nie bly julle is uit die wildernis nie? En, onthou, hulle moes manna eet, Engele voedsel vanuit die Hemel, totdat hulle oorgegaan het binne-in die land. En toe hulle oorgegaan het binne-in die land, het die manna ophou val. Hulle was toe ten volle ryp, en hulle het die ou koring van die land geëet. Nou, nou julle is nie meer babas nie, nou dat julle nie meer die opregte melk van die Evangelie verlang nie, dat julle nie vertroetel en gestreel hoef te word en oortuig te word om kerk toe te kom nie, nou dat julle regte ten volle ryp Christene is, is julle nou gereed om sterk vleise te eet. Julle is gereed om in iets te kom nou, het hy gesê. Julle is gereed om iets wat diep en ryk is te verstaan. O, ons sal dadelik daarop ingaan. En, o, dit was verborge sedert die grondlegging van die wêreld. Hy het gesê, "Nou dat julle hierin gekom het, rig ek dit aan julle." Nie aan hulle wat nou net Egipte verlaat het nie, nie aan hulle wat steeds in die reis is nie, maar aan hulle wie in die beloofde land is, wat die belofte ontvang het.

67 Hoeveel het die belofte van die Heilige Gees ontvang? O, is julle nie bly dat julle nou in die land hieroorkant is nie, die ou koring eet, die sterk dinge van God eet en 'n duidelike begrip het nie. Jou—jou geestelike verstand heeltemal onvertroebeld. Jy weet presies wie Hy is. Jy weet presies wat Hy is. Jy weet presies waarnatoe jy gaan. Jy weet presies alles Daarvan. Jy weet in Wie jy geglo het en oortuig Hy is in staat om dit te onderhou wat jy aan Hom toevertrou het vir die dag. O, dis die een, dis met wie Paulus nou praat. Luister aandagtig. Nou kyk.

. . . die gelowiges in Christus Jesus:

68 Nou, laat my die kerk kry om dit te herhaal. Hoe kom ons binne-in Christus? Deur kerkaansluiting? Nee. Deur ons naam op 'n boek te sit? Nee. Deur gedoop te word deur onderdompeling? Nee. Hoe kom ons binne-in Christus? Deur een Heilige Gees is ons almal gedoop binne-in een belofte, die Liggaam, en is deelgenote van alles wat binne-in die land behoort. Amen! O, ek—ek hou daarvan. As ek nie hees was nie, kon ek skreeu. Tog, wanneer ek in hierdie land kom, dis myne. Ek is tuis nou; ek is in Kanaan; ek is onderhewig aan enigiets waarvoor God my wil gebruik. Ek loop op heilige gronde, 'n kind van die Koning, heeltemal geklee en gereed. Ek het gekom vanuit Egipte, opgekom deur die beloofde land, die beproewinge weerstaan, oor die Jordaan gegaan binne-in hierdie geseënde belofte. O, hoe het ek dit gekry? Deur een Gees. Dieselfde manier wat Paulus Dit gekry het, gewerk op my dieselfde manier Dit het

op hom, dieselfde manier Dit het op jou. Deur een Gees is ons almal gedoop. Nie gesprinkel nie, net 'n bietjie sprinkel Daarvan, voel redelik goed; maar onderdompel! Almal gemaak om ondergeswem te word, in die Heilige Gees. Dis die belofte.

69 Ons Efésiërs, ons Josua, wat die Heilige Gees is, *Josua* beteken "Jesus, Verlosser." Josua beteken die Heilige Gees wat dit verteenwoordig in die geestelike soos daardie was in die natuurlike, dat Hy ons groot Krygsman is. Hy is ons groot Leier. Soos God met Josua was, so beweeg God (in die Heilige Gees) ons rond. En wanneer sonde in die kamp kom, die Heilige Gees vereis 'n stilstand. "Wat is verkeerd hier in hierdie kerk? Iets is verkeerd." O, kan julle nie sien hoe ons te veel seuns van Kis nou het nie? Te veel Sauls wat kom van kweekskole en teologiese skole en uitgaan en hierdie perverse goed onderrig, soos die Bybel sê hulle sou doen, skynbaar, nie die Geloof besit nie, hulself afskei van julle, geen gemeenskap met julle hê nie, ensovoorts, 'n vorm van goddelikheid besit en die Krag daarvan ontken, vanaf sulkes draai weg." Hulle weet nie waar hulle vandaan kom nie, hulle kan geen rede gee nie.

70 Ek sê dit volgens Broer Booth Clibborn, 'n vriend van my, as daar enigiets is wat 'n buite-. . . buite-egtelike ongoddelik geskape enigiets in die wêreld is, is 'n muil. 'n Muil is die laagste van alle dinge. Hy is 'n. . . hy—hy weet nie wat hy is nie. Hy kan homself nie meer produseer nie. 'n Muil kan nie met 'n ander muil gekruis word en 'n muil word nie. Hy is klaar. Hy weet nie waar sy pappa vandaan kom nie, nog minder ken hy sy mamma, want hy is 'n klein—'n klein donkie en 'n merrie perd. God het dit nooit gedoen nie. Moenie julle so iets op God lê nie. God het dit nooit gedoen nie. God het gesê, "Elkeen sal voortbring van sy soort." Ja, meneer. Maar 'n muil is 'n—'n. . . sy pappa was 'n donkie en sy mamma was 'n merrie perd, so hy weet nie waaraan hy behoort nie. Hy—hy—hy is 'n perd wat probeer om 'n muil te wees, of 'n muil. . . of hy is 'n perd wat probeer om 'n donkie te wees, 'n donkie wat probeer om 'n perd te wees. Hy weet nie waar hy behoort nie. En hy is 'n hardkoppigste ding wat daar is in die wêreld. Jy kan nooit 'n bietjie vertroue in hom stel nie.

71 En dis hoe baie mense in die kerk is. Hulle weet nie wie hulle pappa is nie, hulle weet nie wie hulle mamma is nie. Slegs een ding weet hulle, hulle is of Presbiteriaans, Metodisties, Baptisties, of Pinkster, of iets. Hulle weet nie waarvandaan hulle kom nie. En 'n ou donkie, jy kan net op hom skreeu soveel as jy wil op hom skreeu, en hy sal daar staan en sy groot ore uitsteek en kyk. Jy kan vir hulle preek heelnag lank, en hulle weet nie iets meer toe hulle weggegaan het as wat hulle het toe hulle ingekom het nie. Nou, dis net reg. Ek bedoel nie om onbeskof te wees nie, maar ek wil julle die Waarheid vertel.

72 Maar daar is een ding wat hulle kan doen, hulle is goeie werkers. O, hulle werk, werk, werk, werk net. Dit laat my dink

aan 'n klomp van hierdie Arminiërs wat altyd hulle pad in die Hemel probeer in werk. Dis reg, 'n muil. O, die Dames Hulp Vereniging, en die hoenderaandete, vir die betaling, die prediker, "En ons moet hierdie dans hê, en hierdie geselligheid." Dis net werk, werk, werk, werk, werk, werk, werk. En, hulle, waarvoor werk hulle?

73 Vra hulle, "Het julle die Heilige Gees ontvang sedert julle geglo het?"

74 Hulle steek hulle ore uit, en weet nie waar hulle behoort nie, "Wat bedoel jy? Waar het *dit* alles? Wat bedoel jy, die Heilige Gees? Ek het nooit niks Daarvan gehoor nie. O, jy moet 'n sekere soort van fanatikus wees." Sien, hulle weet nie wie pappa was, of wie mamma was, ook nie. En jy moet hulle slaan op alles wat jy doen, slaan *hier* en slaan *daar*, en slaan *hier* en slaan *daar*. Dis reg, 'n ou muil.

75 Maar, ek sê jou, jy hoef dit nie te doen by 'n regte volbloed perd nie. Jy slaan die sweep oor hom eenkeer, en broer, hy is weg. Hy weet wat hy doen. O, hoe goed is dit om 'n volbloed te ry! Hoe lekker dit is om te sê, "Kom aan, kêrel." O, man, jy beter vashou, hy sal die saal in die lug laat.

76 Dis hoe dit is met regte volbloed Christene. Halleluja! "Ontvang julle die Heilige Gees. Bely, elkeen van julle, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus, vir die vergewing van jou sondes." Weg, net so vinnig as hulle kon kom by die water, is hulle weg. Hulle kan nie dag en nag rus totdat hulle die Heilige Gees ontvang het nie. Hoekom? Julle weet, 'n Christen weet wie sy Pappa was. Sien, dit neem twee om 'n geboorte te maak. Dis reg, pappa en mamma. Die muil weet nie wie was pappa of wie was mamma nie. Maar ons weet Wie Pappa en Mamma was, want ons is gebore van die geskrewe Woord van God, bevestig deur die Gees. Petrus het gesê, op die Dag van Pinkster, "As julle sal bely en gedoop word, elkeen van julle in die Naam van Jesus Christus, vir die vergewing van jou sondes, sal julle die gawe van die Heilige Gees ontvang."

77 En, broer, 'n regte wedergebore Christen (o, goeiste) sy gees, so gou as hy die Woord kry, ontvang hy die Heilige Gees. Vra hom dan iets! Hy weet waar hy staan. "Glo jy in Goddelike genesing?" "Amen!" "Glo jy in die Tweede Koms?" "Amen!"

78 Vra 'n muil dit. Die muil godsdiens, "Uh, ek weet nie. Dokter Jones het eenkeer gesê. . . " Huh! Daar, gaan agter Saul aan. Sien? "O, hulle weet nie. Wel, ek sê jou, my kerk is nie seker Daarvan nie."

79 O, broer, maar 'n wedergebore man en vrou is net so seker van die koms van die Here Jesus, hulle is net so seker hulle het die Heilige Gees as daar 'n Heilige Gees is om gegee te word.

80 Nou, Jesus het gesê. . . Die vrou by die put, "Ons aanbid in hierdie berg, en die Jode aanbid by Jerusalem."

81 Hy het gesê, "Vrou, hoor My Woorde! Die uur kom, en is nou, wanneer die Vader diegene soek wat Hom sal aanbid in die Gees en die Waarheid."

82 U Woord is die Waarheid. En elke man wat die Bybel sal lees en elke Woord glo wat die Bybel sê, en Sy instruksies volg en dieselfde Heilige Gees ontvang wat hulle ontvang het dieselfde manier wat hulle Dit ontvang het, dieselfde resultate wat hulle Dit ontvang het, dieselfde krag wat hulle gekry het toe hulle Dit ontvang het, hy weet wie sy Pappa en Mamma was. Hy weet hy is gewas in die Bloed van Jesus Christus, gebore van die Gees, gevul met God se vuur. Hy weet waar hy staan. Sekerlik! Hy is in Kanaan. Hy weet waar hy vandaan kom. Dis hoe dit is met 'n regte Christen. Vra hom, "Het jy die Heilige Gees ontvang sedert jy geglo het?" "Amen, broer!"

83 Gestaan die ander dag by 'n ou heilige, twee-en-negentig jaar oud, gepraat met haar tagtigjarige pastoor, ek het gesê, "Ouma?"

Net so helder soos sy kon wees, het sy gesê, "Ja, my seun."

84 Ek het gesê, "Hoe lank was dit sedert u die Heilige Gees ontvang het?"

Sy het gesê, "Eer aan God! Omtrent sestig jaar gelede het ek Dit gekry."

85 Nou, as sy 'n muil was, sy sou gesê het, "Nou, wag 'n oomblik, ek was aangeneem en gesprinkel toe ek was . . . Wel, sekerlik, en hulle het my geneem in die kerk en ek het my brief oorgeneem na *so*." O, my genade! Hulle weet nie eens waar hulle behoort nie.

86 Maar sy weet waar haar geboortereg vandaan kom. Sy was daar toe dit gebeur het. Sy was gebore van die water en van die Gees. Sy het geweet, en die water deur die was van die water deur die Woord, neem die Woord.

87 Nou kyk hoe hierdie gerig is, "Aan hulle wat in Christus Jesus is." Paulus, nou, onthou . . . Ek neem 'n lang tyd, maar ek gaan nie deur hierdie hoofstuk kom nie. Maar ek sal opskud . . . Hou julle daarvan? O, Dit vertel ons waar ons is, maar ons kan dit nie doen in net een aand nie. Ons het 'n maand of twee hiervan nodig, elke aand, gaan net reg Daardeur, Woord vir Woord. Gaan terug en bring dit op in die geskiedenisse en lê dit reg uit, Woord vir Woord, en wys jou dat Dit die Waarheid is. Nou laat ek daardie vers vinnig weer lees.

> *Paulus, 'n apostel van Jesus Christus deur die wil van God* (nie die wil van die mens nie) *aan die heiliges wat* in *Efese is, en* (voegwoord) *aan die gelowiges in Christus Jesus:*

88 Beteken, "Hulle was uitgeroep, afgesonder, en nou gedoop deur die Heilige Gees, en is in Christus Jesus. Ek rig hierdie brief aan julle, my geliefdes." O! Ek dink aan Paulus daar oorkant met hulle op die oomblik, o, hoe gelukkig! Daardie klein ou apostel

het sy kop afgekap gehad daar onder. Ek het gestaan by die plek waar hulle sy kop afgekap het. Maar, o, sy kop is aan in daardie nuwe liggaam, en kan nooit weer afgekap word nie. En hy staan daar oorkant met hulle hierdie einste oomblik, dieselfde apostel wat Hierdie geskryf het. En gesê, "Aan julle wat in Jesus Christus is! Deur een Gees is ons almal gedoop binne-in hierdie een Liggaam." Nou kyk.

> *Genade aan julle, en vrede, van God onse Vader, en . . . die Here Jesus Christus.*
>
> *Geseënd sy die God en Vader van ons Here Jesus Christus, wie ons geseën het met alle . . .* (O, hoor jy dit, Charlie?) *. . . het ons geseën met alle geestelike seëninge . . .*

89 Nie net iets aan die apostels, en iets aan *hierdie* nie, maar Hy het ons geseën met al die geestelike seëninge. Dieselfde Heilige Gees wat geval het op die Dag van Pinkster is dieselfde Heilige Gees hier vanaand. Dieselfde Heilige Gees wat Maria laat skreeu en met tale praat, en 'n wonderlike tyd laat hê en juig, en die dinge wat sy gedoen het, is dieselfde Heilige Gees hier vanaand. Dieselfde Heilige Gees wat Paulus gelaat het op daardie ou skip, waar dit gelyk het asof dit deurdrenk was en verlore was, veertien dae en nagte, geen maan of sterre nie. Hy het daar uitgekyk en elke golf het 'n duiwel daarop gehad, glansende en sy tande geglim, en gesê, "Ek sal jou sink, ou kêrel, nou. Ek het jou nou."

90 En terwyl Paulus afgegaan het om 'n bietjie gebed te doen, het daar 'n Engel gestaan, gesê, "Moenie vrees nie, Paulus. Hierdie ou skip gaan vergaan op 'n sekere eiland. Gaan voort en eet jou aandete, dis alles reg nou."

91 Hier kom hy met daardie kettings om sy klein ou armpies, hulle gesleep op sy voete, en gesê, "Wees van 'n goeie moed, manne, want die God, die Engel van God, wie se dienaar ek is, het by my gestaan en gesê, 'Paulus, moenie vrees nie.'" Daardie selfde Heilige Gees is hier vanaand, dieselfde Gees van God, wat aan ons dieselfde geestelike seëninge preek.

> *. . . ons geseën met alle geestelike seëninge in hemelse plekke . . .*

92 O, laat ons nog net een minuut hier stop. "In hemelse plekke." Nou, nie net enige plek buite nie, maar in hemelse plekke. Ons is vergader in "hemelse," dit beteken dat die posisie van die gelowige. Dat, as ek gebedsgevul is, jy is gebedsgevul, of die kerk is gebedsgevul, en ons is reg vir die Boodskap, en ons het onsself saam vergader as heiliges, uitgeroep, gedoop met die Heilige Gees, gevul met God se seëninge, geroep, uitverkies, saamgeplaas in Hemelse plekke nou, ons is Hemelinge in ons siele. Ons geeste het ons gebring binne-in 'n Hemelse atmosfeer. O, broer! Daar het jy dit, 'n Hemelse atmosfeer. O, wat kon vanaand gebeur, wat

kon gebeur vanaand as ons sou sit hier in 'n Hemelse atmosfeer, en die Heilige Gees wat beweeg oor elke hart wat hernu is en 'n nuwe skepsel in Christus Jesus geword het? Alle sonde is onder die Bloed, in perfekte aanbidding, met ons hande op na God en ons harte opgelig, sittende in Hemelse plekke in Christus Jesus, saam aanbidding in die Hemelse plekke.

93 Het julle ooit in een gesit? O, ek het gesit totdat ek wou huil vir vreugde en sê, "God, laat ek nooit hier weggaan nie." Net Hemelse plekke in Christus Jesus!

94 Seën ons met wat? Goddelike genesing, voorkennis, openbaring, visioene, krag, tale, interpretasies, wysheid, kennis, al die Hemelse seëninge, en onuitspreeklike vreugde en vol van Glorie, elke hart gevul met die Gees, wat saam loop, wat saam sit in Hemelse plekke, nie een bose gedagte onder ons nie, nie een sigaret gerook nie, nie een kort rok nie, nie een *hierdie, daardie* of die *ander* nie, nie een bose gedagte nie, niemand het enigiets teen die ander nie, almal wat praat in liefde en harmonie, elkeen met eendrag in een plek, "toe skielik het daarvanaf die Hemel 'n geluid gekom soos 'n magtige ruk wind." Daar het julle dit, "Het ons geseën met alle geestelike seëninge."

95 Dan mag die Heilige Gees val op iemand, en sê, "SO SPREEK DIE HERE. Gaan na 'n sekere plek en doen 'n sekere ding." Sien dit gebeur net soos dit. [Broer Branham klap sy vingers drie keer—Red.] Sien? "SO SPREEK DIE HERE. Doen 'n sekere ding by 'n sekere plek." Sien dit gebeur soos dit. [Broer Branham klap sy vinger twee keer—Red.]

96 "Ons saam geseën in alle Hemelse seëninge in Hemelse plekke." Kyk!

Soos hy ons uitverkies het . . .

97 Het ons Hom gekies, of Hy ons gekies? Hy het ons gekies. Wanneer? Die aand toe ons Hom aanvaar het? Uitverkies!

Soos hy ons uitverkies het in hom voor die grondlegging *van die wêreld, dat ons heilig sou wees . . . sonder blaam voor hom in . . .* (denominasies?) *. . . in liefde:*

98 Wanneer het God ons uitverkies? Wanneer het God julle uitverkies wat die Heilige Gees het? Wanneer het Hy julle uitverkies? Voor die grondlegging van die wêreld. [Leë kol op die band—Red.] . . . grond legging van die wêreld, het Hy jou uitverkies. En Jesus gestuur dat Hy die versoening van jou sondes mag wees, om jou te roep na versoening, na Homself, na liefde. O, wens ons het net 'n paar minute meer tyd gehad.

99 Laat my, voordat ons enigsins verder gaan, teruggaan, Génesis 1:26. Ek sal dit optel Woensdag. Toe God die mens gemaak het . . . Voordat Hy die mens gemaak het, Hy het Homself genoem "El," E-l, El; E-l-h, "Elah," "Elohim." Die

woord beteken, in die Hebreeus, "die selfbestaan," heeltemal by Homself. Niks het voor Hom bestaan nie, Hy was die hele bestaan wat daar was, selfbestaande Een! El, Elah, Elohim, beteken die "algenoegsame, alkragtige, Almagtige, selfbestaande Een." O!

100 Maar in Génesis 2, toe Hy die mens gemaak het, het Hy gesê, "Ek is," Y-a-h-u, J-u-v-u-h. Jvhu, "Jehova." Wat het dit beteken? "Ek is die albestaande Een Wie iets van Myself geskep het, om 'n seun van My te wees, of 'n tydelike, of 'n amateur, kleinjie van My." Glorie! Hoekom? Hy het die mens gegee. . . Jehovah beteken dat Hy die mens gegee het om 'n amateur god te wees. Want Hy is 'n Vader, God, en Hy maak 'n man 'n amateur god, so Hy is nie meer selfbestaande nie, Hy bestaan met Sy familie. Elah, Elah, Elohim. Nou, nou is Hy Jehova. *Jehova* beteken, die "Een Wie bestaan met Sy familie." Nou, God het die mens gemaak om die heerser te wees oor die hele aarde, hy het heerskappy gehad. En die aarde was die mens se gebied. Is dit Skrif? Dan as dit sy domein is, was hy god oor die aarde. Hy kon spreek, en dit sou so wees. Hy kon *dit* spreek, en dit sou so wees. Daar is Hy, God, Jehova, die Een Wie eenmaal bestaan het in selfbestaan, maar nou bestaan met Sy familie, en Sy kleinjies saam met Hom. Daar het julle dit.

101 Nou, lees dit. Ons sal daarop ingaan Woensdagaand, wanneer ons meer tyd het. Ons het nog vyftien minute en ons sal. . . Ek het gedink ek sal kom by 'n sekere plek hier, maar ons sal nie, tot waar ons geseël is deur die Heilige Gees van belofte. Goed.

102 Nou, wanneer was ons geroep om dienaars van God te wees? Wanneer was Orville Neville geroep om 'n dienaar van God te wees? O, goeiste! Hierdie verstom my. Ek sal julle sê, laat ons 'n paar Skrifte kry. Ek wil hê jy moet Eerste Petrus 1:20 kry. En, Pat, kry Openbaring 17:8. En ek sal Openbaring 13 kry. Nou ons wil luister hierna, want jy wil weet wanneer God jou geroep het om 'n Christen te wees. O, ek hou hiervan. Dit is, "Die mens sal nie lewe van brood alleen nie, maar deur elke Woord wat uitgaan van die mond van God." Goed, Broer Neville, jy het Eerste Petrus 1:20. [Broer Neville sê, "1:20."—Red.] So lees 1:19 en 1:20. Luister na hierna. ["1:19 en 1:20"] Ja. [Broer Neville lees Eerste Petrus 1:19-20.—Red.]

> *Maar met die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos:*
>
> *Wie wel vooruit geken is voor die grondlegging van die wêreld, maar in hierdie laaste tye gemanifesteer is vir julle.*

103 Wanneer was Hy vooruitbestem? Voor die grondlegging van die wêreld. Broer Pat, lees Openbaring 17:8 vir my. [Broer Pat lees Openbaring 17:8—Red.]:

> *Die dier wat jy gesien het, was en is nie en sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar; en die bewoners*

van die aarde wie se naam nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe geskryf is, sal hulle verwonder as hulle die dier sien wat was en nie is nie, alhoewel hy is.

104 Wie gaan mislei word? Wie gaan mislei word deur hierdie godsdienstige persoon soos Saul was? Wat net so skelm en so perfek was totdat dit die wat sou mislei? Einste Uit-. . . [Vergadering antwoord, "verkiestes"—Red.] indien. . . ["moontlik"] indien moontlik. Goed, Openbaring 13:8, laat ek dit vir julle lees.

En almal wat woon op die aarde sal. . . almal wat woon op die aarde sal hom aanbid, wie se name nie geskryf was *in die boek van die Lam geslag* voor *die grondlegging van die wêreld nie.*

105 Wanneer was ons name gesit in die Lam se Boek van die Lewe? Toe die Lam geslag was voor die grondlegging van die wêreld. Toe God Jehova was, El, Elah, Elohim, die selfbestaande Een. Net soos een yslike groot Diamant, en Hy kon niks anders wees nie, maar binnekant van hierdie Diamant was Sy eienskappe 'n Verlosser. In hierdie eienskappe, aan die binnekant van Hom, was 'n Geneesheer. Wel, daar was niks om te red nie en niks om te genees nie, maar Sy eienskappe het dit produseer. So, toe voor die grondlegging van die wêreld, toe Hy geweet het dat die groot vertoon hierbinne van Hom, dat Hy 'n Verlosser sou wees, dat Hy sou kom en vlees gemaak word en onder ons gewoon het, en Hy het geweet deur Sy wondes sou ons genees word. Hy het die Lam geslag op Sy Boek voor die grondlegging van die wêreld, en jou naam geskryf op daardie Boek voor die grondlegging van die wêreld. O!

106 Luister Hierna! Voorbestemming kyk terug na voorkennis, ek bedoel uitverkiesing. Uitverkiesing kyk terug na voorkennis en voorbestemming kyk na bestemming. Moenie dit vergeet nie, daardie uitverkiesing kyk terug hier, hier is dit, "Ek was 'n kankerroos. Ek was gebore in sonde, gevorm in ongeregtigheid, na die wêreld gekom sprekende leuens, gebore onder sondaars. Vader en moeder en al my hele familie, sondaars. Ek was 'n kankerroos. Maar, meteens, het ek 'n koringkorrel geword. Hoe het dit gebeur?" Daardie, wat was daardie? Uitverkiesing. God, voor die grondlegging van die wêreld, het uitverkies dat die kankerroos 'n koringkorrel moes word. "Nou weet ek ek is 'n koringkorrel, want ek is gered. Hoe doen ek dit?" Kyk terug en sien dat Hy dit voorbestem het, 'n lank tyd gelede. Deur voorkennis het Hy gesien dat ek Hom sou liefhê, dus Hy het 'n versoening gemaak deur Sy eie Seun, dat ek deur Hom vanaf 'n kankerroos na 'n koringkorrel kon kom. "Nou, waarby is ek nou?" Ek is gered, ek wandel in die genade van God. "Wat kyk voorbestemming?" Na bestemming. "Waarnatoe sal Hy my neem, en waar gaan ek?" Amen. Dit het jou. Daar het julle dit.

107 Nou laat ons net 'n bietjie verder lees, en dan sal ons binnekort moet afsluit.

> *Soos hy . . . ons in hom* uitverkies *het voor die grondlegging van die wêreld, dat ons heilig sou wees . . . sonder blaam voor hom in liefde:*
>
> *Deurdat Hy ons voorbestem het tot die aanneming*, voorbestem *tot die aanneming van kinders deur Jesus Christus aan homself, volgens die welbehae van sy wil,*

108 Wat het Hy gedoen? Hy, deur voorkennis, het ons vooruitgesien, wetende dat Hy 'n Verlosser was, selfbestaande. Daar was geen Engele nie, geen niks nie; net God, Elah, Elohim, die selfbestaande Een, niks behalwe Hy alleen nie. Maar in Hom was 'n Verlosser. Wel, wat gaan Hy red, daar is niks verlore nie? Wetende dit, dan het Hy geweet dat hierdie groot eienskap in Hom sou iets oorkant uitprojekteer wat Hy kon red. Toe, toe dit, dit gedoen het, het Hy afgekyk deur voorkennis en Hy het elkeen gesien wat Dit sou aanvaar. En toe sodoende, het Hy gesê, "Om daardie te red, die enigste manier wat Ek dit kan doen, sal wees self afkom en vlees gemaak word en die sonde van 'n man op Hom neem, en vir hom sterf, dat Ek die Een mag wees wat aanbid word," want Hy is God, die voorwerp van aanbidding.

109 Toe het Hy afgekom en op Homself geneem. En terwyl Hy dit gedoen het, Hy het dit gedoen dat Hy julle mag red wie gered wil word. Sien julle wat ek bedoel? Deur voorkennis, die oneindige God, Wie alle dinge geweet het, het die Lam gesien, en Hy het die Lam geslag voor die grondlegging van die wêreld, en Hy het jou naam gesit op die Lam se Boek van die Lewe. En Hy het die bedreiglikheid van Satan gesien, wat hy sou doen. So Hy het jou naam daarop gesit. En Hy het gesê dat die antichris so godsdienstig sou wees, so goed, so 'n goeie kêrel, so 'n slim man, so 'n godsdienstige man, dat hy die einste uitverkorenes sou mislei as dit moontlik was. Maar dit is 'n onmoontlik, want hulle name was voorbeskik voor die grondlegging van die wêreld. Deur uitverkiesing het Hy hulle uitverkies, en deur voorbestemming weet hulle waarheen hulle gaan. Daar het julle dit.

110 Nou, wie kon dit betwyfel? Dis wat Paulus gesê het. Dis Paulus se Skrif. Dis Paulus se skryfwerk. Dis wat hy sy kerk geleer het. Die kerk, posisioneel, voor die grondlegging van die wêreld. Toe God, in Sy geboortepyn, voortgebring het, jou voortgebring het, wetende wat jy sou doen, het Hy jou posisioneel geplaas binne-in Sy Eie Liggaam, om 'n huisvrou te wees, om 'n boer te wees, om 'n prediker te wees, om 'n profeet te wees, om *hierdie* of *daardie* te wees. Hy het jou posisioneel geplaas. Toe, toe ons gekom het vanaf die knoffel lande van Egipte, deur heiligmaking en gedoop is binne-in die beloofde land . . . Want, die belofte van God is die Heilige Gees. Efésiërs 4:30, sê,

"Bedroef nie die Heilige Gees van God waardeur julle verseël is tot die dag van julle verlossing nie." Toe het God, nadat Hy die kerk voorbestem het, gesê, "En al die mense, daar sal miljoene maal miljoene wees wat baie godsdienstig sal wandel en mislei sal word." Die enigstes wat nie mislei sal word nie sal diegene wees wat oorgekom het binne-in die beloofde land, wie voor die grondlegging van die wêreld hulle name gesit gehad het op die Lam se Boek van Lewe, en oorgekom het binne-in die beloofde land, en dit geniet.

111 Baie mense is bang jy gaan snaaks optree. Baie mense is bang die Heilige Gees sal jou iets laat doen jy—jy sal skaam wees vir mense. Baie mense sal bang wees hulle sal huil, en hulle skat sal hulle sien huil, of mamma, of jou buurman, of jou baas sal jou sien.

112 Laat ek julle vertel van 'n man eenkeer, voor afsluiting. Daar was 'n man gewees genaamd Dawid, en toe die ark van God onder was in die Filistynse land, en Dit het oorgekom, getrek deur 'n ark, 'n ou os het hulle getrek, toe Dawid die ark sien kom het, hy het 'n klein kleed op hom gehad, hy het daar uitgehardloop, hy het sy voete in die lug geskop, en rond gespring, en geskree en gespring, en gedans en gespring en gedans. En hy, die koning van Israel! En sy vrou het uitgekyk by die venster en hom so snaaks sien optree, sy het hom verag. Tog, sy moes gesê het, "Die idioot! Kyk na hom daar buite, die manier wat hy optree, sy voete opgooi in die lug, en rondspring en optree soos daardie. Tog, hy moet mal wees!" En daardie aand toe hy ingekom het, het sy gesê, in woorde soos hierdie, "Tog, jy het my in verleentheid gebring. Tog, jy, die koning, my man, daar buite doen soos daardie, optree soos daardie!"

113 Dawid het gesê, "Môre sal ek beter as daardie doen. Ja, meneer!" Hy het gesê, "Het jy nie geweet ek het gedans vir die Here nie?" Hy het oorgegaan! Hy was in die land van die belofte. Hy het alle eie style en gemors van die wêreld verloor. Hy was so bly om te weet die ark was aan die kom na sy eie stad.

114 En, o, ek sê jou, sommige mense is bang om die Heilige Gees te ontvang, bang hulle mag praat met tale. Hulle is bang dat iemand sou sê, "Nou, hy is een van daardie tale kêrels." Hulle is bang om na die kerk te kom en gedoop te word in die Naam van Jesus Christus, want hulle is skaam Daarvoor. Uh! O!

115 Iemand het gesê ek sal my bande moet terugroep, want ek het gepreek van gedoop te word in die Naam van Jesus Christus. Ek roep hulle nie terug nie. Ek maak meer! Dis reg, reg, maak meer! Dit is die Bybel. As hulle nie hou van wat ons gedoen het gister nie, kyk net wat gaan ons môre doen! Dis die ding om te doen, sien, gaan net voort. Daar is geen einde daaraan nie, want dis van die Here. Dis God.

116 Julle weet wat God gedoen het? God het afgekyk vanuit die Hemel, Hy het gesê, "Dawid, jy is 'n man na My Eie hart." Dawid was nie skaam nie. Hy was 'n dienaar van die Here. Hy het die Here liefgehad. En hy was so bly, so verheug, totdat hy nie gedink het aan menslike prestige nie.

117 Julle sien, soos ek gesê het in my preek vanmôre, ons is so vreeslik bang, dat, ons wil 'n Saul hê om ons te leer, ons wil 'n Saul vanaf 'n sekere kweekskool hê om ons te leer hoe ons, ons godsdiens moet doen en hoe ons dit moet doen. Dit is aan die ander kant van die Jordaan. Hierdie kant, lei die Heilige Gees. Hieroorkant is jy uit daardie gemors. Hieroorkant gee jy nie om wat hulle dink nie. Hieroorkant is jy dood, en jou lewe is verborge in Christus deur . . . en geseël deur die Heilige Gees. Jy gee nie om nie. Jy lewe in Kanaan. Jy kan goeie koring verdra. Jy is 'n nuwe skepsel in Christus Jesus. Jy is oppad na die beloofde land.

118 Ek onthou oorkant staan, Broer Collins, omtrent dertig jaar gelede, toe hierdie kerk nog nie gebou was nie. Dit was 'n klein tentbyeenkoms hier op die hoek gesit, my eerste byeenkoms. Ek het hierdie selfde Evangelie gepreek, dieselfde ding, die ondeurgrondelike rykdomme van Christus, waterdoping in die Naam van Jesus Christus, elke Woord glo om die Waarheid te wees, doping van die Heilige Gees, Goddelike genesing, die kragte van God, net soos ek Dit nou preek, nooit een duim van enige Daarvan afgewyk nie. God het meer Daarvan aan my geopenbaar, so, soos Hy Dit openbaar, hou ek Dit net aan bring. Hy neem nooit weg van wat Hy was nie, Hy hou net aan daarby voeg.

119 Ek het daar gestaan toe omtrent vyfhonderd mense gestaan het op die oewer, singende, "Op Jordaan se stormagtige oewer staan ek, en kyk hoopvol na Kanaan se mooi en gelukkige land, waar my besittings lê. Wanneer sal ek daardie gesonde oewer bereik en vir altyd rus, wanneer sal ek bereik en in my Vader se . . . en vir altyd rus?" Toe hulle dit begin sing, ek het 'n seun uitgeneem in die rivier om hom te doop daar buite binne-in die Naam van die Here Jesus. Ek het gesê, "Hemelse Vader, soos ek hierdie seun na U bring volgens sy belydenis . . ." Net 'n seun, self, het die foto's daarvan by die huis. Ek het gesê, "Wanneer ek hom doop met water, Here, volgens sy belydenis, in die Naam van Jesus Christus, die Seun van God, vul U hom met die Heilige Gees." En omtrent daardie tyd Iets het 'n warrel laat uitgaan, en hier het Dit afgewarrel gekom, die Helder en Môre Ster het daar gestaan. Daar het daardie Lig gestaan wat julle sien reg daar op die foto. Daar het Dit gestaan.

120 Dit het rondom die wêreld gegaan, ver op in Kanada en rondom. Hulle het gesê, "'n Mistieke Lig verskyn oor 'n plaaslike Baptiste predikant terwyl hy doop."

121 ’n Paar dae gelede, toe Dokter Lamsa na my kom, en nooit niks daaromtrent geweet nie, en my ’n foto gebring, wat broer dit daar nou by hom het. Het jy daardie foto? Het jy die Bybel by jou, wat daar lê, dis in jou boek? Goed. Daar was ’n foto van die ou antieke Hebreeuse teken van God, net presies dit wat bestaan het in die dae van Job, voor die Bybel ooit geskryf was. God in Sy drie eienskappe, nie drie gode nie. Een God in drie eienskappe. Vader, Seun, en Heilige Gees, drie ampte waarin God gewerk het. Nie drie gode nie, drie eienskappe. En daar was Dit. Toe daardie groot man, Dokter Lamsa, die vertaling van die Lamsa Bybel, toe hy gesê het daardie oggend. Toe ek hom dit vertel het, ek het gesê—ek het gesê, “Wat is daardie teken?”

122 Hy het gesê, “Dis God se antieke teken, in die Hebreeus. God, een God in drie eienskappe.”

Ek het gesê, “Soos Vader, Seun, en Heilige Gees?”

123 Hy het gestop, en hy sy koppie koffie neergesit, hy het na my gekyk. Gene, ek glo jy was daar, Leo. Gesê, “Glo jy dit?”

Ek het gesê, “Met my hele hart.”

124 Hy het gesê, “Gisteraand, gestaan in jou byeenkoms, Broer Branham, het ek daardie onderskeiding gesien. Ek het dit nooit tevore in Amerika gesien nie, in my land.” Hy het gesê, “Hierdie Amerikaanse mense ken nie eens die Bybel nie. Een ding wat hulle ken is hulle denominasie. Hulle weet nie eens waar hulle staan nie.” Gesê, “Hulle weet niks nie.” Hy het gesê, “Maar toe ek daar gestaan het gisteraand,” gesê, “ek het gesê. . . ” Nou, Broer Gene, ek sê dit net met ontsag en liefde en so. Hy het gesê, “Ek het gesê, ‘Dit moet ’n profeet wees.’ Maar toe ek sien dat jy glo dat Vader, Seun en Heilige Gees was nie drie gode nie, dit was eienskappe, toe het ek geweet dat jy ’n profeet van God is, of dit sou nie aan jou geopenbaar wees soos daardie nie.” Hy het gesê, “Dis ’n perfekte teken.” Gesê, “Ek het nooit. . . ” Gesê, “Jy is nie eenheid nie?”

125 Ek het gesê, “Nee, meneer. Ek is nie eenheid nie. Ek glo in God wat die Almagtige God is, en die drie eienskappe is slegs drie ampte waarin die een God gewoon het.”

126 Hy het gesê, “Seën jou hart!” Hy het gesê, “Eendag sal jy jou bloed stort op die aarde daarvoor, maar,” gesê, “profete sterf altyd vir hulle doel.”

127 En ek het gesê, “Laat dit so wees, as dit my Here behaag.” Die vertaling van die Lamsa Bybel.

128 O, dit is so waar. Hoeveel keer, soos ek sê aan hierdie kerk, soos Samuel gesê het voordat hulle Saul gekies het. “Voordat julle uitgaan en aansluit by ’n sekere denominasie nou, en julle self heeltemal opgeknoop kry in sekere soort van godsdiens, hoekom laat julle nie die Heilige Gees julle lei nie?” Hoekom neem julle nie God vir julle Leier en laat Hy julle seën, en

vergeet van julle denominasie nie. Nou, ek sê nie moenie aan enige denominasie of kerk behoort nie, behoort julle aan enigeen wat julle wil. Dis jou keuse. Maar ek sê jou, as 'n individu, laat jy die Heilige Gees jou lei. Lees jy die Bybel. En wat die Bybel sê om te doen, dit doen jy. God seën julle.

129 En nou ek het 'n lank tyd gewag. Ek wonder of daar enige hier is wat deur die gebedslyn wou kom om voor gebed te word. As daar is, sal hulle, hulle hande opsteek. Net een, twee, drie. Goed. Kom julle almal regop hier en staan hier dan as julle wil, op hierdie oomblik, en—en ons sal gebed hê. En dan ons . . . Ek wil julle nie nou al verlaat nie. Ek wil iets anders amptelik hier doen net voordat ons—ons afsluit.

130 Hoeveel hou van die studie van die Boek van Galásiërs . . . o, ek bedoel Efésiërs? Nou, Woensdagaand, gaan ons ingaan op die Seël. En dan op volgende Sondagoggend, gaan ons in op die posisionele plasing van die kerk. O, as . . . Ons sal waarskynlik ingaan daarop, op hierdie komende Woensdagaand, aan julle mense hier in Jeff. Posisioneel die kerk plaas waar hulle behoort, elkeen. Hoe ons geroep word deur die aanneming. Hoe God ons tot Sy seuns aanneem, ons is seuns deur geboorte. Aangeneem en posisioneel geplaas deur die Heilige Gees. Kyk! Hulle was elkeen Hebreërs, toe hulle die rivier oorgesteek het, maar Josua het die land verdeel en elkeen sy land gegee volgens die uitering van sy moeder by die geboorte, waar die Heilige Gees haar vertel het.

131 Kyk na Jakob toe hy sterwend was, 'n profeet, verblind, sy voete opgetrek binne-in die bed, gesê, "Kom voort julle seuns van Jakob en ek sal julle sê waar julle by die laaste dae sal wees." Glorie! [Broer Branham klap sy hande twee keer saam.—Red] O, ek weet ek mag snaaks voorkom. Die mense mag snaaks voorkom. Maar, o, as julle net geken het die—die versekering, die—die brand in die hart! "Kom voort en ek sal julle sê waar julle in die laaste dae sal wees." En ek kan dieselfde Skrif neem, en die kaart neem van waar die Jode vandag sit en aan julle bewys hulle is presies op die plek wat Jakob gesê het hulle sal wees in die laaste dae. En hulle het dit nooit daar gedoen nie, was nie op daardie plek tot hulle teruggekom het sedert Mei die sewende, 1946, die aand wat die Engel van die Here aan my verskyn het daarbo en gesê het vir hierdie sending nie. En ek kan julle wys dat, toe hulle teruggekom het binne-in die nuwe land, het hulle presies dieselfde plekke getref waar Jakob gesê het hulle sou sit. En daar sit hulle daar vandag. O, o, goeiste, o, goeiste! Ons is eendag nader Tuis, dis al.

132 Julle dierbare mense, julle is siek, of julle sou nie daar gestaan het net om te staan nie. Ek is julle broer. Ek het 'n opdrag van God om te bid vir die siekes. Nie asof my . . . asof ek die krag het om te genees nie, ek het nie. Maar ek het krag van gebed. Soos ek gesê het vanmôre, Dawid het niks gehad behalwe 'n klein slingervel nie, maar hy het gesê, "Ek weet wat dit sal doen met

die krag van God daarop." Sien? Ek het slegs 'n klein gebed om te offer vir julle, en my hande om te lê op julle, maar ek weet wat geloof in God sal doen. Dit het gedoen vir andere, dit sal doen vir julle. Julle glo dit nou soos julle reg opstap net 'n bietjie nader na die plek.

133 Nou, ek wonder, om dit so effektief te maak, of ek nie my broer sou vra om hier te kom en hulle met olie te salf nie. Sal jy dit doen, Broer Neville? Ek sal die kerk vra as julle sal buig in gebed.

134 Nou onthou, verlede week toe ek so siek was met daardie ou kasterolie, ek sou net enigiets gee indien iemand sou kom en hande op my lê. As ek iemand kon gehad het om te kom, wat God geseën en gehelp het, sou ek dit so waardeer het. Julle almal voel nou na soos ek toe het. Julle voel nou julle wil hê ek moet net doen soos ek iemand wou hê om te doen vir my toe. God verhoed dat ek ooit van die werk wegskram. Laat my altyd, of ek moeg is, of ek vermoeid is, of ek kwalik een voet van die ander kan beweeg, laat my gaan, want ek gaan elkeen van julle weer ontmoet, oorkant in daardie Land daaroorkant.

135 Dan julle ouer vroue en ouer manne, afgebreek, hare grys en wat uitval, en in stukkies val soos 'n roos wat sy klein knoppe oopgemaak het, sy kroonblare afgeskud het en wegval, jy gaan net stukkend, gaan jy nie? Dis reg. Net. . . En die enigste ding waarvoor jy aanmekaar wil bly is om te skyn vir die glorie van God. So wanneer die vyand jou nou gegryp het en uitgehardloop het, kom ek met die slingervel van God, met 'n geloof, met 'n gawe wat God my gegee het. Hier is wat ek gesê het, sodat julle dit kan verstaan. Ek het gesê, "As Petrus net sou inkom, of sommige van hulle." Moenie dit sê nie. Jy hoef nie vir my te bid nie. Kom net in soos hierdie, en sê, soos hierdie vrou, sê, "Is jy Suster *so-en-so*?" Wat is jou naam? Suster Howard. Sê, "Jy is Suster Howard. Jy is 'n gelowige, Suster Howard? Glo jy, jy is 'n gelowige? Dan, jy sien, jy het al die regte tot al die verlossende gawes." Dan sou ek sê, "Suster Howard, alles sal reg wees," en wegloop. O, hoe. . . Ek het gesê, "Ek sou skreeu, ek sou skree." Ek sou sê, "Here, dit moet net wees. Dit moet net wees."

136 En ek het gedink, "Wel, mense dink daardie selfde ding wanneer ek vir hulle kom bid." So dis wat. Julle sien wat ek bedoel?

137 En ek het gestaan, 'n baie kere, en mense geneem en gesê, "O, dierbare suster, sal jy Dit glo? O, sal jy Dit glo?" "Here, O God, maak hulle Dit glo. Laat hulle Dit glo." "O, asseblief, sal julle Dit nou aanvaar?" Dis nie dit nie. Ek is verby daarby. Ek het verbygegaan daarby.

Ek sê net dit, "Suster Howard, jy 'n gelowige?"

"Ja, ek is."

138 "Goed, Suster Howard, as jy 'n gelowige is, jy is 'n erfgenaam tot alles wat God het." En neem net haar hand. Sien, ek glo dit. Ek kontak Suster Howard deur my hande op haar hande te lê. Jesus het nooit gesê "bid vir hulle nie," Hy het gesê, "Lê net julle hande op hulle." Daar is dit, dan word sy genees. Sy kan sê, "Alles sal reg wees," Suster Howard. Dan kan jy huis toe gaan en gesond wees. God seën jou.

139 Jy is suster. . . [Die suster sê, "Hampton."—Red.] Suster Hampton, jy is 'n gelowige, is jy nie? Jy is 'n erfgenaam tot alles wat God het. God wees met jou, Suster Hampton. Amen. Jy kan huis toe gaan en gesond wees nou. Jesus Christus het jou genees. [Broer Branham gaan voort om te bid vir die mense.]

AANNEMING 1 AFR60-0515E
(Adoption 1)
AANNEMING REEKS

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagaand, 15 Mei 1960, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©1996 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
58 DISA ROAD, ADMIRAL'S PARK, GORDON'S BAY 7140 WESTERN CAPE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org